



INHOUD

- Boodskap van die Voorsitter
- Beleggingsopbrengste
- Voordeel- en projeksiestate
- Wie is verantwoordelik om seker te maak dat u kommervry kan aftree?
- Finansiële advies aan lede 53 en ouer
- Retirement Fund Web – u toegangsportaal tot USAF
- Reëlwysigings
- Die bestuur van die Fonds
- Die diensverskaffers van die Fonds
- Belangrike kontakbesonderhede

Boodskap van die Voorsitter

Welkom in 2017! Aan die begin van 2016 het ons gewaarsku dat onsekere ekonomiese toestande heel waarskynlik gedurende 2016 sou voortduur en dat dit beleggingsopbrengste negatief sou beïnvloed. Ten spyte van die ekonomiese wisselvalligheid is dit verblydend dat die Groeiportefeulje 'n netto opbrengs van 11.44% vir die 2016 kalenderjaar behaal het. Beleggingsvooruitsigte vir 2017 lyk effens beter, maar daar is steeds beduidende risiko's in die plaaslike en internasionale markte en opbrengsverwagtinge sal daarby aangepas moet word.

Die Raad van Trusteës streef om lede met die nodige kennis toe te rus en die nodige strukture daar te stel om goeie aftree-uitkomst vir lede te verseker. Dit is vir my aangenaam om te bevestig dat 'n groot getal USAF-lede positief gereageer het op die oproep om bydraes te verhoog.

Die bydraeverhogings sal verseker dat lede by aftrede in 'n beter posisie verkeer.

Die Raad van Trusteës probeer om by te bly met die jongste verwikkelinge in die aftreefondsbetryf.

Die In-Fonds Lewende Annuïteit-opsie, wat vanaf 1 Januarie 2017 beskikbaar is, het groot aanklank gevind onder die lede en die paneel van finansiële adviseurs. Agt van die lede wat aan die einde van Desember 2016 afgetree het, het van die opsie gebruik gemaak. Verder het nege lede wat op 31 Desember 2016 uit die diens van die Universiteit afgetree het, van die uitgestelde aftrede-opsie gebruik gemaak.

'n Slimfoon-toep wat u USAF-inligting nog meer toeganklik sal maak, word eersdaags aan u beskikbaar gestel.

Groete

Adv. Fran du Plessis
Voorsitter



Beleggingsopbrengste

Die tabel hieronder som die opbrengste op die groeiportefeulje tot en met 31 Desember 2016 op:

Periode	Opbrengs	Inflasie	Inflasie plus 5%	Portuurgroep-mediaan*	Portuurgroep-topkwartiel**
12 maande	11.44%	6.61%	11.61%	3,10%	4,36%
36 maande	8.81%	5.72%	10.72%	7.48%	8.42%
60 maande	14.56%	5.62%	10.62%	12.59%	14.06%

* Die portuurgroep-mediaan is die beleggingsbestuurder wat in die middel van sy portuurgroep presteer het. Dit gee 'n aanduiding van hoe ander aftreefondse oor die tydperke kon gevaar het.

** Die portuurgroep-topkwartiel is die beleggingsbestuurders wat beter gevaar het as driekwart van hul portuurgroep. Die portuurgroepmaatstawwe word van die Alexander Forbes-opname afgelei.

U word gemaan om nie te veel op korttermyn-beleggingsopbrengste te fokus nie. Dit is verblydend dat die Groeiportefeulje oor bogenoemde metingsperiodes tot 31 Desember 2016 beter as die portuurgroep se topkwartiel gevaar het.

Vir meer inligting omtrent die opbrengste van die onderliggende beleggingsportefeuljes, besoek <http://www.retirementfundweb.co.za>

Voordeel- en projeksiestate soos op 31 Desember 2016

U voordeelstaat bevestig u fondswaarde soos op 31 Desember 2016, sowel as u bydraes vir aftrede van 1 Januarie tot 31 Desember 2016, asook uitdienstrede-, doods- en ongeskiktheidsvoordele. Kontroleer asseblief die inligting op u voordeelstaat en kontak Menslike Hulpbronne (Charné Pool by +27 (0)21 808 9271 / charnep@sun.ac.za) indien inligting op die staat nie korrek is nie.

Die projeksiestaat, wat u voordeelstaat vergesel, is slegs 'n riglyn om die geskatte maandelikse pensioen by normale aftreedatum te bepaal.

Daarom is dit belangrik dat u enige aftreebesluite in oorleg met 'n finansiële adviseur moet neem. Die werklike waarde van die maandelikse pensioen sal eers bepaal kan word wanneer die pensioen by aftrede aangekoop word. Let asseblief daarop dat die geskatte maandelikse pensioen weergegee word as 'n persentasie van u maandelikse pensioendraende inkomste. Dit is belangrik om daarop te let dat die pensioendraende inkomste wat vir die projeksies gebruik word, vir die meeste personeellede 75% van hul koste van indiensname beloop. Die aannames waarop die projeksiestaat geskoei is, is

dieselfde as dié wat deur die pensioenberekenaar (Retirement Calculator) op Sanlam Retirement Fund Web gebruik word.

Die projeksiestaat van 31 Desember 2016 neem ook weer die na-aftrede mediesefonds-subsidie, waarvoor sekere lede kwalifiseer, in ag met die berekening van die geskatte pensioen by aftrede. Dit is waardevolle voordeel en u kan sien watter verskil dit aan u aftreeprojeksies maak.

Wie is verantwoordelik om seker te maak dat u kommersvry kan aftree?

Ons wil almal met genoeg geld aftree wanneer ons eendag ophou werk. In baie gevalle is u aftreespaargeld nie net vir u belangrik nie, maar het dit ook 'n beduidende invloed op u familie, vir wie u moontlik na aftrede moet sorg. Die vraag is: Wie is verantwoordelik om seker te maak dat u kommersvry kan aftree?

Navorsing is gedoen om te bepaal of die feit dat lede aan 'n aftreefonds behoort, beteken dat hulle gereed is vir aftrede.

Die resultate van die 2016 Sanlam Benchmark®-opname het getoon dat 87% van die werknemer-respondente meen dit is hul werkgever se verantwoordelikheid om seker te maak dat werknemers met 'n redelike pensioen aftree. Nogal 'n skrikwekkende syfer was egter dat slegs 35% van pensioenarisse glo hul aftreespaargeld sal vir die res van hul lewe hou.

Die opname het ook getoon dat 58% van pensioenarisse volwasse afhanklikes het, soos 'n gade, kinders, ouers of ander volwassenes wat (nog) finansiële van hulle afhanklik is na aftrede.

Is die regering dan verantwoordelik vir u aftrede?

Die regering betaal 'n staatsouderdomstoelae (wat algemeen bekend staan as die staatspensioen) van R1 500 per maand aan persone van 60 jaar en ouer, onderworpe aan 'n middeletoets.

Die middeletoets is 'n manier waarop die regering bepaal of u vir 'n staatspensioen kwalifiseer en of u die (finansiële) middele het om uself te onderhou, en vir hoeveel hulp (indien enige) u kwalifiseer.

Die middeletoets berus op beide u inkomste en u bates (bv. beleggings, die besit van 'n huis). Indien u inkomste en/of bates bo die volgende perke ontvang/het, sal u nie vir die staatspensioen kwalifiseer nie:

	Inkomste	Bates
Ongetroude persoon	R69 000 p.j. (R5 750 p.m.)	R990 000
Getroude persoon	R138 000 p.j. (R11 500 p.m.)	R1 980 000

Nota: 'n Glyksaam word toegepas indien u inkomste tussen R2 250 en R5 750 p.m. is

As u dus 'n inkomste van R5 750 p.m. of meer kry, sal u nie ná ouderdom 60 'n pensioen van die regering ontvang nie. Dit is beter om genoeg voorsiening te maak vir aftrede, om sodoende te verseker dat u u huidige leefstyl na aftrede kan volhou.

Is u werkgever verantwoordelik?

In die negentigerjare het die meeste aftreefondse van vastevoordeel- na vastebydrae-fondse oorgeskakel – d.w.s. van pensioenfondse na voorsorgfondse. Binne die vastevoordeel-struktuur is 'n lid se aftreevoordeel deur die fonds gewaarborg. Dit het beteken die werkgever het al die beleggingsrisiko gedra om te verseker dat die gewaarborgde voordeel by aftrede betaal kon word. Dit was dus nie vir lede nodig om soveel aftreebeplannings-besluite te neem nie en lede het sterk op die werkgever staatgemaak.

Dinge het egter verander. Binne die huidige vastebydrae-struktuur, soos dié van die USAF, is die voordeel wat u by aftrede ontvang nie meer gewaarborg nie, en dit is aan baie faktore onderhewig. Die belangrikste is dat u as lid die beleggingsrisiko dra. Oor die jare het verdere ontwikkelinge soos individuele lidkeuse ten opsigte van bydraes in werking getree. Lede moes keuses begin uitoefen oor hoeveel hulle vir aftrede wou of moes spaar, en hoe hierdie bydraes belê moes word om met 'n redelike pensioen te kan aftree.

Navorsing het egter getoon dat lede dikwels nie in staat is om op hul eie die moeilike besluite te neem wat nodig is om 'n goeie uitkoms by aftrede te verseker nie. Nietemin is die aftreefonds in die meeste gevalle hul enigste spaarmedium vir aftrede. Werknemers maak steeds sterk op hul werkgever staat om 'n geskikte aftreebeplanningsmedium te voorsien, en ook leiding ten opsigte van finansiële aspekte te gee.

Het u geweet – 'n aftreefonds is die mees koste- en belastingdoeltreffende produk om vir aftreebeplanning te gebruik!

Is dit in gedeelde verantwoordelikheid?

Daar is drie belangrike besluitnemingspartye betrokke om vir lede goeie uitkomst by aftrede te verseker, naamlik: die aftreefonds, die lid en die werkgever.

Die fonds moet die nodige strukture verskaf;

Die lid moet goeie besluite oor bydraes en beleggingsportefeuljes neem; en

Die werkgever moet die proses tussen die lid en die fonds fasiliteer.

Die Nasionale Tesourie (regering) en die Raad op Finansiële Dienste (die liggaam wat aftreefondse in Suid-Afrika reguleer) speel ook 'n rol om 'n sterk regulatoriese raamwerk te verskaf waaraan aftreefondse moet voldoen, om te verseker dat lede goeie uitkomst by aftrede kry.

HOE WERK AL HIERDIE PARTYE SAAM OM GOEIE UITKOMSTE VIR LEDE BY AFTREDE TE VERSEKER?

SPAAR VIR AFTREDE IS BAIE SOOS DIE BEPLANNING VAN 'N REIS

Stap 1: U moet 'n bestemming in gedagte hê, anders sal u nie weet waar u gaan eindig nie

Min lede kan vooruitskat hoeveel geld hulle by aftrede nodig gaan hê om 'n pensioen te koop wat hulle 'n gerieflike inkomste vir die res van hul lewe sal gee. 'n Handige manier om te bepaal hoeveel geld u nodig sal hê, is om te mik om 'n persentasie van u salaris te vervang sodat u u lewenstandaard gedurende aftrede kan voortsit. Hierdie persentasie van u salaris word u geskatte pensioenpersentasie (GPP) genoem. 'n Goeie riglyn is om te mik vir 'n GPP van 80% van u pensioendraende salaris net voor u aftree.

VOLGENS DIE SANLAM BENCHMARK®-OPNAME HET EEN UIT VYF AFGETREDENES EERS DRIE JAAR VOOR AFTREDE UITGEVIND WAT DIE WAARDE VAN HUL OPGEHOOPTE SPAARGELD IS!

Stap 2: U moet 'n betroubare motor en 'n padkaart hê om by u bestemming uit te kom

U aftreefonds kan as die betroubare motor beskou word wat u by u bestemming kan bring. Sonder 'n padkaart kan u op die ou end verdwaal. Net so moet u aftreefonds vir u 'n geskikte struktuur gee wat u sal help om u aftreedoelwit te bereik. Om hierdie rede het USAF verskillende verstekkeuses wat lede help om koers te kies tussen al die verskillende Fondskeuses ten opsigte van bydraekoerse en beleggingsportefeuljes. Wanneer u die Fonds se verstekopsies kies, hoef u nie self die moeilike besluite te neem nie.

DIE SANLAM BENCHMARK® -OPNAME HET GETOON DAT 84% VAN LEDE IN VERSTEK-BELEGGENSOPSIES BELÊ IS.

Stap 3: U moet brandstof ingooi om u bestemming te bereik

As die bestuurder van die motor, moet u seker maak dat u genoeg brandstof ingooi en dat u motor se enjin genoeg

olie het om u bestemming te bereik.

Daar is twee hoofkategorieë wat sal verseker dat u u aftreedoelwit bereik:

- Een is die bydraes wat u tot u fonds lewer – d.i. die totale bydraepersentasie wat u elke maand tot u aftreespaarfonds bydra. Hoe meer u bydra, hoe beter is u kans om u aftreedoelwit te bereik.

- Die ander faktor is die beleggingsportefeulje(s) waarin u bydraes belê word. USAF bied 'n gratis finansiële adviesdiens aan lede van ouderdom 53 en ouer, om hulle te help om die regte beleggingskeuses te maak.

SPAAR VIR AFTREDE IS BAIE SOOS DIE BEPLANNING VAN 'N REIS

Stap 4: U moet u motor in stand hou en laat diens

Terwyl u op pad is na u aftrede, moet u stop en seker maak of u nog op koers is. USAF gee elke jaar vir u 'n Aftreeprojeksiestaat wat wys wat u GPP is. Indien u GPP laer is as verwag, of wat nodig is om u huidige leefstyl tydens aftrede voort te sit, moet u oorweeg om tot aksie oor te gaan. U werkgever gee u elke jaar die geleentheid om u bydraekoers te hersien. Verander dit na 'n hoër bydraekoers indien nodig.

HET U GEWEET – DIE GEMIDDELTE GPP VAN LEDE VAN USAF WAS 50% IN 2015, EN DIE HOOFREDES IS 'N TE LAE BYDRAEKOERS, SOWEL AS AFTREEVOORDELE WAT NIE BEWAAR WORD OF NIE NA DIE FONDS OORGEDRA WORD WANNEER DAAR VAN WERKGEWER VERANDER WORD NIE.

DIE 2016 SANLAM BENCHMARK®-OPNAME HET GETOON DAT SLEGS 20% VAN PENSIOENARISSE GENOEG SPAARGELD HET OM HUL HUIDIGE LEWENSTANDAARD IN HUL AFTREEJARE VOORT TE SIT.

Stap 5: Bly op koers na u bestemming

Wanneer u van werk verander, moet u nie u fondsvoordeel in kontant neem en dit dan spandeer nie. Aftreespaargeld moet bewaar word wanneer u die diens van die Universiteit verlaat, omdat dit deel van u persoonlike aftreeplan uitmaak. As u u aftreespaargeld gebruik om korttermynskuld te delg,

lewenskoste te dek terwyl u nie werk nie, of huisverbeterings te finansier, beteken dit dat u weer van voor af moet begin om vir aftrede te spaar – soms op 'n baie laat ouderdom, en dit sal u nie by u aftreedoelwit uitbring nie.

DIE 2016 SANLAM BENCHMARK®-OPNAME TOON DAT MEER AS TWEE DERDES VAN PENSIOENARISSE AANGEDUI HET HULLE HET NIE HUL SPAARGELD BEWAAR TOE HULLE VAN WERK VERANDER HET NIE. 48% VAN DIÉ WAT HUL AFTREESPAARGELD ONTTREK HET, HET GESÊ HULLE WAS LATER SPYT DAARVOOR!

Stap 6: Bereik u bestemming

As u op aftree-ouderdom u aftreedoelwit bereik, beteken dit dat u u huidige lewenstandaard in u aftreejare sal kan voortsit. As u egter naby aftrede is en dit lyk of u nie u aftreedoelwit gaan bereik nie, is daar nog steeds sekere opsies vir u beskikbaar. Sedert 1 Maart 2015 het u die opsie om u fondswaarde by aftrede in USAF te laat om verder te groei terwyl u 'n tweede werk aanvaar om u lewenskoste te dek, totdat u genoeg gespaar het om uiteindelik te kan aftree. U sal dan 'n "uitgestelde afgetredene" wees. Alhoewel 'n motorbestuurder moet toesien dat die motor gediens en in stand gehou word, beteken dit nie dat die bestuurder al die detail moet ken nie. Daar kan nie van motorbestuurders verwag word om dieselfde begrip van hul motor te hê as 'n werktuigkundige nie. Net so kan daar nie van lede verwag word om op hul aftreebeplanningsreis alles oor bydraes en beleggingskeuses te weet nie – daarom is dit belangrik dat die fonds en die werkgever goeie verstek- en advies-opsies beskikbaar stel. Dit is hier waar werkgevers, aftreefondse en hul konsultante gesamentlik 'n noodsaaklike rol speel om goeie uitkomst vir hul lede by aftrede te verseker.

Het u geweet – indien u:

- 'n minimum van 18% tot USAF bydra
- vir 'n tydperk van 40 jaar
- behoort u 'n GPP van 80% te behaal.

Lede het nog steeds die finale verantwoordelikheid

Werkgevers en fondse het 'n taak om lede met kennis toe te rus om hul aftreedoelwitte te bereik. Met inagneming van hul unieke posisie, kan hulle voorsiening maak vir 'n goeie spaarstruktuur en voorligtingsproses tussen die lede en die fonds. Die oorgrote meerderheid van werkgevers meen inderdaad dat hulle 'n verantwoordelikheid het om vir lede 'n goeie uitkomst by aftrede moontlik te maak.

Lede dra egter nog steeds die finale verantwoordelikheid vir hul aftree-uitkoms.

Hier is 'n paar wenke wat u kan volg om seker te maak dat u met 'n redelike pensioen kan aftree:

- Maak van die Retirement Calculator op Retirement Fund Web gebruik om u geskatte pensioenpersentasie te bereken en te bepaal of u op pad is na 'n gemaklike aftrede.
- Verhoog u bydraes op die jaarlikse opsiedatum, indien nodig.
- Bewaar u fondswaarde as u van werk verander.
- Vermoeg vroeg aftrede. Indien u in staat is om na aftrede te werk, oorweeg die uitgestelde aftrede-opsie.

DIE BESTUUR VAN DIE FONDS

Die Raad van Trusteas van USAF bestaan uit vyf werkgewer- en vyf werknemerverteenwoordigers. Aan die einde van 2016 het u weer die geleentheid gehad om werknemerverteenwoordigers tot die Raad van Trusteas te verkies. Drie van die dienende werknemerverteenwoordigers is deur die lede herkies en sodoende het kennis en kontinuïteit tot voordeel van lede behoue gebly.

Kom ons leer die trusteas van nader ken:

Naam	Hoedanigheid	Agtergrond	Huidige termyn verstryk
Adv Fran du Plessis	Voorsitter en werkgewer- verteenwoordiger	Adv Du Plessis is 'n geoktrooieerde rekenmeester en dien in verskeie maatskappydireksies. Sy dien sedert 1 Maart 2013 as 'n trustee.	28 Februarie 2019
Prof Tobie de Coning	Werkgewerverteenwoordiger	Prof De Coning is Hoofdirekteur: Strategiese Inisiatiewe en Menslike Hulpbronne, en dien sedert 1 Maart 2014 as 'n trustee.	19 Junie 2018
Prof Johann de Villiers	Werkgewerverteenwoordiger	Prof De Villiers is verbonde aan die Departement Ondernemingsbestuur en dien sedert 1 November 2000 as 'n trustee.	31 Oktober 2018
Mnr Le Roux Burrows	Werknemerverteenwoordiger	Mnr Burrows is verbonde aan die Departement Ekonomie en dien sedert 24 Julie 2002 as 'n trustee.	6 Desember 2019
Prof Wikus van Niekerk	Werknemerverteenwoordiger	Prof Van Niekerk is verbonde aan die Sentrum vir Hernubare en Volhoubare Energiestudies, en dien sedert 7 Desember 2013 as 'n trustee.	6 Desember 2019
Mnr. Peter Kirsten	Werknemerverteenwoordiger	Mnr. Kirsten is werksaam in die Vergoedings- en Voordele-afdeling van die Departement Menslike Hulpbronne. Hy is 'n nuutverkose trustee.	6 Desember 2019
Prof Johann van Rooyen	Sekunde werknemerverteen- woordiger	Prof Van Rooyen is verbonde aan die Departement Ondernemingsbestuur en dien sedert 7 Desember 2010 as 'n trustee.	6 Desember 2019
Mev Gretchen Arangies	Werknemerverteenwoordiger	Mev Arangies is Hoof: Bestuursdienste van die Bellvilleparkkampus en dien sedert 7 Desember 2010 as 'n trustee.	6 Desember 2019
Mnr Manie Lombard	Werkgewerverteenwoordiger	Mnr Lombard is Hoofdirekteur: Finansies en dien sedert 5 Mei 2011 as 'n trustee.	4 Mei 2017
Prof. Suzette Viviers	Werkgewerverteenwoordiger	Prof. Viviers is verbonde aan die Departement Ondernemingsbestuur en is 'n nuut verkose trustee	6 Desember 2019
Prof Niel Krige	Werkgewerverteenwoordiger	Prof Krige is Voorsitter van die Ontwikkelingskantoor en dien sedert 18 November 2005 as 'n trustee.	17 November 2017

Mnr. Japie Kotzé tree op as hoofbeampte. Hy is 'n direkteur in die Departement Menslike Hulpbronne en is sedert 1 Desember 2012 die hoofbeampte.

Finansiële advies beskikbaar vir lede van 53 en ouer

U word weereens daaraan herinner dat USAF 'n gratis finansiële adviesdiens aan lede van 53 en ouer bied, deur 'n paneel van vyf voorkeur-diensverskaffers.

Die diensverskaffers is

Alexander Forbes Financial Planning Consultants:
+27 (0) 21 809 3750 / wesselsw@aforbes.co.za

Efficient Wealth:
+27 (0) 21 914 8030 / martin@efw.co.za

FinFocus:
+27 (0) 21 861 7000 / usafadvies@finfocus.co.za

Graviton:
+27 (0) 21 883 9192 / arissik@gravitonwm.com

Sanlam Finansiële Advies:
+27 (0) 21 947 1291 / karl.parks@sanlam.co.za

USAF betaal vir twee konsultasies by een van die voorkeur-diensverskaffers. Die eerste konsultasie kan enige tyd vanaf ouderdom 53 plaasvind en die tweede wanneer u aftree. Dit is eenvoudig om van die voordeel gebruik te maak.

Volg net hierdie stappe:

1. Besluit op 'n diensverskaffer.
2. Kontak Menslike Hulpbronne (Charné Pool by +27 (0) 21 808 9271 / charnep@sun.ac.za) om 'n konsultasie-koepon te bekom.
3. Maak daarna 'n afspraak met u gekose diensverskaffer en neem die koepon saam as bewys dat u die diens mag gebruik.

Retirement Fund Web, u toegangsportaal tot USAF

Retirement Fund Web gee u 24 uur per dag toegang tot u eie fondsinligting. Wanneer u aanteken op Retirement Fund Web, word u verwittig van nuwe inligting wat beskikbaar is.

Op Retirement Fund Web kan u toegang kry tot:

- die pensioenberekenaar (retirement calculator);
- u fondswaardes en voordelestaat;
- 'n lidmaatskapsertifikaat;
- die maandelikse beleggingsverslag van die Fonds;
- die kwartaallikse opsomming van die Groeiportefeulje; en
- ander fondsinligting.

Hoe verkry ek toegang tot Retirement Fund Web? U word nou na Sanlam Secure Services se webblad herlei wanneer u <https://www.retirementfundweb.co.za/> besoek. Hier word u gevra om te registreer deur u fondslidmaatskapnommer te gebruik. U fondslidmaatskapnommer verskyn op u voordeelstaat. Dit is deel van Sanlam se digitale strategie om u via een portaal toegang te gee tot al u versekerings- en spaarprodukte by Sanlam.

Reëlwysigings

Een reëlwysiging is gedurende die 2016 finansiële jaar aan die fondsreëls van USAF aangebring.

Reëlwysiging 8 maak voorsiening vir:

- a) In-fonds lewende annuïteite;
- b) Die opsie vir lede vir die beperking van jaarlikse bydraes tot die maksimum belastingaftrekbaarheidsvlak (R350 000) in die Inkomstebelastingwet; en
- c) Die daarstelling van beleidsdokumente en protokolle deur die Raad van Trustees.

Die reëlwysiging is op 6 Oktober 2016 geregistreer en vir belastingdoeleindes goedgekeur.

Die diensverskaffers van die Fonds

Die volgende diensverskaffers is deur die Raad van Trustees aangestel om te help met die bestuur van die Fonds en hul pligte word hieronder uiteengesit:

Diensverskaffer	Diens	Funksies wat verrig word
Simeka Konsultante & Aktuarisse	Voordeel-, beleggings- en aktuariële advies	• Advies ten opsigte van die Fonds se voordeelstruktuur en veranderings in wetgewing. • Markvergelykings om te verseker dat markverwante tariewe vir versekering betaal word. • Hulp om met lede te kommunikeer. • Samestelling van sakelyste en hou van notules van vergaderings van die Raad van Trustees. • Hulp met die nakoming van korporatiewe bestuurstoeligs. • Hulp met die opstel van 'n beleggingstrategie en -beleid. • Hulp met die aanwysing en evaluering van beleggingsbestuurders. • Opstel van maandelikse beleggings-verslae. • Opstel van 'n jaarlikse aktuariële waardering om die Fonds se finansiële gesondheid te bepaal.
Sanlam Aftreefonds Administrateurs	Fondsadministrasie	• Maandelikse vaslegging van bydraes. • Oorplasing en onttrekking van fondse na en vanaf die batebestuurders. • Betaling van eise. • Uitreiking van voordeelstate. • Daaglikse boekhouding en voorbereiding vir die opstel van die finansiële jaarstate.
ABSA Bank	Bankiers	• Alle fondstransaksies vloei deur die Fonds se bankrekening.
Momentum	Versekeraar	• Verseker die beloofde doodsvoordeel (gade- en kinderdekking) soos omskryf in die fondsreëls
Willis Towers Watson Allan Gray Coronation Prudential Investment Solutions	Batebestuurders	• Bestuur van die beleggings van die Fonds volgens die mandate waaroor met die Raad van Trustees ooreengekom is.
PWC	Oudit	• Eksterne audit

Belangrike kontakbesonderhede

Indien u meer inligting omtrent USAF nodig het, kan u die Vergoedings- en Voordele-afdeling of die Voordeelskonsultant kontak. Kontak asseblief die hoofbeampte indien u enige klagtes aangaande USAF het.

Hoofbeampte

Japie Kotze

Tel: (021) 808 2754

Faks: (021) 808 2484

E-pos: jjsk@sun.ac.za

Voordeelskonsultant

Ian Nieuwoudt

Tel: (021) 912 3315

Faks: (021) 912 3341

E-pos: ian@simekaconsult.co.za

Vergoedings- en Voordele-afdeling

Peter Kirsten

Tel: (021) 808 3740

Faks: (021) 808 2484

E-pos: pkirsten@sun.ac.za

Pensioenfondsberegter (PFB)

E-pos: enquiries@pfa.org.za

Lede kan die PFB nader indien hulle klagtes nie voldoende deur die Fonds aangespreek is nie. Raadpleeg asseblief die PFB se webblad (<http://www.pfa.org.za>) vir meer besonderhede

